

Petrus skenk ons ‘n kompas, vir dié tyd van “fake news”

2 Petrus 1:16-21



Denise Jans: <https://unsplash.com/photos/af9gGb00B5c>

I

Dit is die vierde Sondag na Epifanie. Epifanie is die tyd van die kerkjaar waarin ons nadink oor hoe dit bekend geraak het dat Jesus van Nasaret die Christus is, die Verlosser, God self wat mens kom word het. Wat sien ons as die gordyn bietjie weggetrek word en iets van die misterie van die Drie-eenheid onthul word?

II

Kort voor hy wreed deur Keiser Nero in Rome vermoor sou word, het Petrus hierdie tweede brief aan die gemeentes in die Romeinse wêreld geskryf. Hy het besef dat sy dood op hande was, dat sy

tentwoning binnekort afgebreek sou word (2 Petrus 1:14). En soos destyds die gebruik, het iemand wie se dood nader gekom het, 'n testament opgestel, iets wat aan die oorlewendes nagelaat word. Hierdie tweede brief is Petrus se testament, sy laaste woord aan die geliefde gemeentes.

III

Wat laat Petrus vir hulle na? Die kosbaarste wat hy het, waarskynlik die enigste waardevolle besitting. En dit is sy getuienis oor dit wat waar is – die waarheid! Die waarheid oor Christus Jesus. Iets kosbaarder kon hy nie in sy testament bemaak nie. Hierdie waarheid, sê Petrus, is soos 'n kompas, 'n lig in die donkerte; dit kan ons op ons lewensweg koers laat hou. Dit kan ons help om nie te verdwaal nie.

Nou hoekom 'n kompas? 'n Stuk waarheid as koersaanwyser? Want hy het besef dat hierdie jong Christene wat as minderheidsgroepies in die magtige Romeinse Ryk versprei was, baie blootgestel was aan allerhande valse leerstelling, slimmighede, mites en versinsels – vandag praat ons van “fake news” – waarmee mense probeer om hulle te verlei, sodat hulle hulle hul geloof kan afsweer en soos die meerderheid van die samelewing kan begin dink en doen. Dwarsdeur sy brief waarsku Petrus teen dié valse leraars en wat hulle alles kwytraak. Hulle het ontken dat Christus Jesus die Here is, dat Hy eendag weer sal kom en alles heel en nuut te maak. Hulle het die evangelie, die goeie nuus ontken. En daarom, so het hulle die gelowiges probeer wysmaak, kan mens maar leef en doen soos jy wil. Ons is vrygemaak om losbandig te lewe (2:18), sonder 'n morele kompas. Ons kan maar eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons en dan is alles verby. Dat daar 'n lewe anderkant hierdie lewe is, is sommer snert, het hulle gesê. Al wat nog betekenis aan hierdie lewe kan gee is rykdom en hebsug (2:3, 14-15) – gryp wat jy kan gryp! Hierdie valse leraars dink vindingryke fabels uit (1:16), hulle gebruik

versinde argumente (2:3), hulle maak 'n bespotting van die waarheid (3:3), hulle laster (2:11), helder oordag fuif hulle (2:13), hulle pleeg owerspel (2:14). Petrus se lys hou aan en aan ... hy besef hoe kwesbaar die jong gelowiges is om deur hierdie tydsgees verlei te word, hoe maklik hulle meegesleur kan word. Dis daarom dat Petrus oordeel dat hy vir hulle niks beters as 'n kompas kan nalaat nie, 'n getuienis oor wat waar en eg is, 'n ligpunt om hulle aan te oriënteer in dié duisternis.

Wat is hierdie waarheid wat Petrus nalaat? ***Dat Jesus werklik die beloofde Messias is, die Christus, die een wat sou kom om deur sy dood en opstanding alles nuut te kom maak, 'n werk wat Hy met sy wederkoms sal voltooi. Hierdie Jesus is die Seun van God, God self wat mens kom word het. Hy het ons sy kinders kom maak, erfgename van al God se beloftes. En daarom leef ons soos verlore mense, onder die wet van die liefde.*** Dít is die waarheid, dit is die kompas wat ons kan help rigting hou in 'n baie deurmekaar, donker wêreld.

IV

“Maar Petrus, daar is so baie stemme, so baie mense wat beweer hulle weet beter wat waarheid is?” “Hoe weet ons dat jy wat Petrus is die volle waarheid beet het?” Dis die vrae wat Petrus by die mense aan wie hy skryf kan verwag. Daarom antwoord hy hulle byvoorbeeld. Die waarheid wat Petrus vir hulle nalaat staan vas, sy getuienis kan geglo word, want dit staan op drie bene:

- (1) Eerstens, so sê Petrus, was hy persoonlik **‘n oor- en ooggetuie**. Dis die tog die basis van enige geloofwaardige getuienis, dat dit nie op hoorsê berus nie! Hy het dit self gesien en gehoor. Hy was dáár. En dan verwys hy veral na die uitsonderlike gebeurtenis toe hy saam met Johannes en Jakobus (hulle was dus drie getuies soos die wet vereis) op die berg van verheerliking was (Matteus 17:1-13). Daar het hy met sy eie oë

iets van die heerlijkheid (hy noem dit die *Luisterryke Majesteit*) van Jesus gesien, en daar het hy met sy eie ore gehoor hoe die Stem uit die hemel verklaar: “Hy is my Seun, my geliefde Seun, in wie Ek My verbly”. Daar is dit geopenbaar dat Jesus die Seun van God is. Die gordyn is weggetrek. Petrus weet, hy het daar op die berg ‘n persoonlike ontmoeting met die lewende God gehad. Daarom staan sy getuienis vas.

(2) Tweedes is dit waar, want die profete, al die boeke van die **Ou Testament**, het profeteer dat Jesus sou kom. Die hele Ou Testament het heengewys na die dag wanneer God uiteindelik sy Seun sou stuur. Hierdie profesieë het waar geword, want dit was die Heilige Gees wat dit inspireer het. Naas sy eie getuienis, is daar dus die getuienis van al die Ou Testamentiese profete wat vas staan.

(3) En die derde getuienis wat Petrus inroep, is **God self, God Drie-enig**. Die *Vader* het dit self uit die hemel verklaar, meer kere, maar veral ook daardie dag op die berg van verheerliking. *Christus* het dit oor en oor bevestig, sy hele lewe, al die wonderwerke en preke, sy kruis en sy opstanding, sy Hemelvaart, dit alles getuig daarvan dat Hy die beloofde Verlosser is. Maar so getuig ook die *Heilige Gees*, die Gees van Vader en Seun wat spesiaal gestuur is om ons van hierdie waarheid te kom oortuig – dit in ons ore te fluister, ons oë daarvoor te open, dit soos nie morester in ons harte te laat opgaan, die nuwe dag vol lig vir ons te laat aanbreek (vers 19).

Petrus self, die Skrifte, en God Drie-enig getuig dat hierdie waarheid vas staan!

V

Nou roep Petrus die gelowiges destyds op, en ons vandag: gebruik hierdie waarheid as kompas. Gebruik dit as lig op julle pad. Laat dit julle lei deur hierdie tyd waarin ons al hoe meer op soek gaan na wat

waarheid is, en wat vals is. By hierdie kernwaarheid moet ons telkens begin wanneer al die versinde argumente, die samesweringsteorië, die verdraaide waarhede, die “fake news” soos golf op golf oor ons spoel. Al lyk dit al hoe meer of ons in ‘n era van “post-truth’ leef, waar elke mens hoogstens maar sy of haar eie waarheid het, en geen enkele waarheid meer vasstaan nie, skryf Petrus: daar is één groot waarheid wat vasstaan!

Dié waarheid is ons kompas, ons ligbaken: Jesus Christus is die Messias, Hy alleen. ***In Christo solo.***

Laat dié waarheid ons hele lewe rig!